

**Donderdag 14 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 4:16-25**

**Fokusgedeelte: Romeine 4:24, 25**

**'n Offer is gebring sodat ek kind van God kan wees**

Ons aanvaar so maklik as vanselfsprekend dat ons kinders van God genoem word. Hierdie feit is nie so vanselfsprekend nie – daarvoor moes 'n offer gebring word. Ons sou self vir ons misdade moes instaan. Ons sonde sou ons toegereken moes word.

Ons glo en bely dat ons vrygespreek is. Dit is waar en reg. Ons is vry, want 'n Offer is gebring. Daardie Offer was Jesus Christus. Ons fokusverse leer dit so sterk: ter wille van ons regverdigmaking.

Abraham se geloof word aan ons voorgehou oor wat dit beteken om kind van God te wees. Hy kon in die beloftes van God vasstaan. Hy kon teen die logiese in en teen alle hoop op die beloftes van God bly hoop. Sonder om in die geloof te verswak, sonder om te twyfel en in ongeloof te verval, kon hy in oortuiging wees dat hy as kind van God nie deur Hom verlaat sou word nie. Wat beloop is, sou hy verkry.

God se beloftes het waar geword, sodat ons ook kinders van God genoem kan word. Ons is regverdig gemaak deur Hom wat vir ons sondes oorgegee is. Soos Abraham geglo het, kan ons ook glo: God kan nie terug op sy beloftes nie. Daarom het Hy sy Seun vir ons gestuur:

- Hy was die Offer,
- Hy is opgewek,
- Hy is oorgelewer,

sodat ons geregverdig gereken kan word! Wat 'n genade! Ek is, ten spyte van my gebrokenheid en my nietigheid, 'n kind van God, geregverdig. Vrygespreek. Hierdie Offer is gebring, *ter wille van my!* Kind van God wees nie vanselfsprekend nie.

*Sing: Psalm 130:4 (1936)*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)*